2018/12/06
08:30 AM

Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM 2018/12/06	DATUM 2018/12/05			+ - LAST WEEK 2018/11/26	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	*Data*
DJIA-index	25027	0.00	0.0%	25027	3.1%	24286
Goud (Spot)	1239.63	5.73	0.5%	1233.9	1.2%	1224.9
Brent $/vat	61.52	0.23	0.4%	61.29	2.9%	59.78
1 € / US$	1.1338	0.00	0.2%	1.1318	-0.1%	1.1347
1 US$ / ZAR	13.91	0.080	0.6%	13.83	0.7%	13.82
Corn	R 2 049.15	12	0.6%	R 2 037.36	*CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec 12:00 the previous day	
Wheat	R 2 629.12	-9	-0.4%	R 2 638.40	* CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day	
Soybeans	R 4 668.43	36	0.8%	R 4 632.44	* CBOT Soy Nov cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Nov 12:00 the previous day	

Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)

Corn Dec 18	374.20	0.00	0.0%	374.20
Wheat Dec 18	514.40	-4.80	-0.9%	519.20
Soybeans Nov 18	913.40	1.80	0.2%	911.60

Pariteitspryse gelewer in Randfontein. Koring DBN invoer pariteit ipv uitvoer pariteit

PLAASLIKE MARKINLIGTING					Invoerpariteit	Uitvoerpariteit
SORGHUM Mar '19	3700.00	50.00	1.4%	3650.00	3467.00	1768.00
WMAZ Spot	2458.00	65.00	2.7%	2393.00	3890.00	2113.00
WMAZ Dec 18	2540.00	70.00	2.8%	2470.00	3397.00	1906.00
WMAZ Jul 19	2636.00	71.00	2.8%	2565.00	3474.00	1982.00
YMAZ Spot	2430.00	54.00	2.3%	2376.00	3340.00	2113.00
YMAZ Dec 18	2488.00	55.00	2.3%	2433.00	3397.00	1906.00
YMAZ Jul 19	2530.00	53.00	2.1%	2477.00	3474.00	1982.00
SOY spot	4700.00	10.00	0.2%	4690.00	6062.00	4022.00
SOY May 19	4921.00	2.00	0.0%	4919.00	6524.00	4465.00
SUN Spot 18	5170.00	-1.00	0.0%	5171.00	5862.00	4306.00
SUN May 19	4739.00	23.00	0.5%	4716.00	5862.00	4306.00
WHEAT Dec18	4224.00	37.00	0.9%	4187.00	4465.00	4145.00
WHEAT Mar 19	4340.00	34.00	0.8%	4306.00	4534.00	4214.00
WHEAT May 19	4396.00	22.00	0.5%	4374.00	4772.00	4452.00

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

BY DIE GELD PUT OPSIE	WM	YM
JUL '19 TERMYNPRYS	R 2 636.00	R 2 530.00
PUT TREFPRYS	R 2 640.00	R 2 540.00
PUT PREMIE	R 273.90	R 199.38
MIN SAFEX PRYS	R 2 366.10	R 2 340.62

WEEK NR.	MIELIE UITVOERE WM	YM	TM
31			
WEEK TOTAAL	10 133	4 729	14 862
JTD TOTAAL	262 092	1 348 811	1 610 903
UITVOERBAAR	1 550 000	2 455 000	4 005 000
JTD AS % VAN UITVOERBAAR	17%	55%	40%
TEMPO/WEEK BENODIG	61 329	52 676	114 005

MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS			
WEEK TOTAAL	8 295	11 689	19 984
JTD TOTAAL	6 255 836	5 475 418	11 731 254
NOK SKATTING + REGSTELLINGS	6 601 560	5 779 650	12 381 210
% GELEWER VAN OES	95%	95%	95%
TEMPO /WEEK BENODIG	26 594	23 402	49 997

KORING INVOERE	2018/19	2017/18	5 Jr. GEM
WEEK TOTAAL	2 905	57 195	37 425
JTD TOTAAL	92 168	520 235	355 067
TOTAAL BENODIG	1 400 000	2 173 234	1 727 637
JTD AS % VAN BENODIG	7%	24%	21%

Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R13.90/$ en het verswak vanaf die vlakke waarteen dit gister met marksluiting verhandel het. Die rand het die afgelope paar dae weer redelike groot prysbewegings getoon en het in 'n bandwydte van tussen R13.50/$ en R13.90/$ verhandel. Die wisselvalligheid van die wisselkoers kan aan verskeie faktore toegeskryf word waaronder bewegings in die internasionale konteks sowel as plaaslike aspekte val. Die plaaslike ekonomie het in die 3de kwartaal van 2018 groei van 2.2% getoon wat baie gunstig is nadat die ekonomie in 'n resessie verval het gedurende die eerste twee kwartale van 2018. Alhoewel die plaaslike ekonomie goeie groei getoon het gedurende die 3de kwartaal, is daar steeds baie ander faktore wat baie onsekerheid skep in die markte en dus in die langtermyn nie positief vir ekonomiese groei vooruitsigte is nie. Die beurtkrag wat tans aan die gang is het 'n negatiewe impak op die uitset wat geproduseer word en sal dit negatiewe gevolge vir die ekonomiese groei inhou. Daar is ook heelwat ander beleidsonsekerhede wat beleggers sku sal hou van groot nuwe beleggings in die land. Dit is dus baie noodsaaklik dat hierdie aspekte uitgesorteer sal moet word om goeie volhoubare ekonomiese groei te stimuleer in die land.

Mielies: Die Amerikaanse mieliemark het gister hoofsaaklik sywaarts verhandel en daar was nie groot prysbewegings gister in die mark gesien nie. Die Desember kontrak het byna onveranderd gesluit vir die dag terwyl die Maart kontrak effens laer gesluit het vir die dag. Die nuutste WASDE verslag word volgende Dinsdag deur die USDA bekend gemaak en die markdeelnemers sal hulself posisioneer in die mark voor hierdie verslag bekend gemaak word. Die algemene verwagting is dat die USDA moontlik die Amerikaanse, sowel as die wêreld, mielie eindvoorraad vir die seisoen opwaarts kan aanpas vanaf die vorige skatting. In ander internasionale nuus is die Oekraïne se totale graan produksie vir die seisoen 'n nuwe rekord. Die mielie produksie in die Oekraïne word op 34 miljoen ton gerapporteer. Die EU het die verwagte mielie invoere vir die seisoen 13.5% opwaarts aangepas vanaf die vorige skatting en dit word nou op 18.49 miljoen ton geskat vir die seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is van beide wit en geelmielies. Die mark sal steeds die vordering van die aanplantings dophou met die volgende twee weke wat 'n baie kritieke tyd in die mark sal wees. In gister se weeklikse produsente leweringsverslag wat deur SAGIS bekend gemaak was is die WM lewerings vir die week op 8 295 ton gerapporteer en die YM lewerings vir die week op 11 689 ton. Die totale lewerings vir die seisoen tot dusver is 11.735 miljoen ton.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonmark het gister weer ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag om die onlangse opwaartse tendens voort te sit. Die ondersteuning in die mark is hoofsaaklik as gevolg van die positiewe gesprekke rakende die handelsooreenkoms tussen die VSA en China, met China wat aangedui het hulle gaan weer Amerikaanse landbou produkte koop. Beide die Januarie en Maart kontrakte het sterker gesluit vir die dag. Die verwagting in die mark vir volgende week se nuutste WASDE verslag is dat die Amerikaanse eindvoorraad vir die seisoen effens laer aangepas kan word vanaf die vorige skatting, terwyl die verwagting is dat die wêreld eindvoorraad effens opwaarts aangepas sal word. In ander internasionale nuus het Brasilië aangekondig dat hulle nog die vermoë het om die landbou produksie grond met 'n verdere 42 miljoen hektaar kan uitbrei, maar het nie aangedui wat die koste of omgewingsimpak daarvan sal wees nie. Volgens die bio-brandstof produsente organisasie in Indonesië behoort die bio brandstof uitvoere vir 2018 tussen ongeveer 1.59 en 1.69 miljard liter te wees. Dit is 'n 25% toename vanaf die vorige seisoen se uitvoere. Die grootste groei was uitvoere na China en die EU. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys. In gister se weeklikse produsente leweringsverslag is aangedui dat daar 720 ton se sojabone vir die week gelewer was. Die totale lewerings vir die seisoen tot dusver is 1.486 miljoen ton.

Koring: Die Amerikaanse koringmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag, hoofsaaklik as gevolg van groot voorrade en stadige uitvoere vanaf die VSA. Beide die winterkoring markte, sowel as die lentekoring mark het gister laer gesluit vir die dag. Die verwagting in die mark vir die nuutste WASDE verslag wat volgende week bekend gemaak word is dat die USDA die Amerikaanse koring eindvoorraad vir die seisoen opwaarts behoort aan te pas vanaf die vorige skatting wat gedurende November gedoen was. Die verwagting is ook dat die wêreld koring eindvoorraad opwaarts aangepas sal word vanaf die vorige skatting en dat dit op 266.79 miljoen ton geskat sal word. In ander internasionale nuus het die EU die skatting vir die seisoen se sagtekoring produksie 14% opwaarts aangepas en dit word nou op 129 miljoen ton geskat terwyl die verwagting is dat die uitvoere onveranderd behoort te bly op 20.08 miljoen ton. China het gister 261 295 ton se staatsreserwe koring op 'n veiling verkoop wat 8.7% van die totaal was wat te koop aangebied was. Japan beplan om 19 107 ton se voer kwaliteit koring aan te koop. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. In gister se weeklikse produsente leweringsverslag is aangedui dat die weeklikse lewerings 123 533 ton. Die totale lewerings vir die seisoen tot dusver is 990 789 ton wat ongeveer 53% van die NOK skatting uitmaak.

Plaaslike Markinsigte & Data: *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
Internasionale Markinsigte & Data: *www.usda.co.za*

Opgestel deur *Luan van der Walt en Ikageng Maluleke* / ***Vir navrae, kontak****: luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.